Matt 28:1-20 DIE GROOTSTE VERRASSING OOIT!

Daar het 'n engel voor Jesus se geboorte en nou weer na sy dood aan Maria verskyn. Albei die kere het die engel haar 'n ongelooflike boodskap gebring. Dit was sulke goeie nuus dat dit byna te goed was om waar te wees! Dit was moeilik om te glo, hoe graag sy ook wou. En tog was dit die waarheid en daarom vier ons nog elke jaar Kersfees en Paasfees!

1. DIE VERKEERDE ADRES

Matteus vertel hoedat die twee Maria's teen dagbreek oppad graf toe is. Volgens Lukas wou hulle Sy liggaam met lekkerruik-olie en salf gaan behandel.
Ons weet nie waaroor hulle langs pad alles gesels het nie. Ek kan my voorstel dat hul gesprek gegaan het oor dinge wat Jesus gesê het en gedoen het en wat Hy gely het. Dalk het Maria teruggedink aan die engel se aankondiging van sy geboorte en wat die engel oor Hom profeteer het – o.a. dat Hy vir ewig koning sal wees. Sy het miskien hardop teenoor die ander Maria gewonder wat nou van daardie wonderlike beloftes sou word?
Ek dink nou maar aan die gesprek van die twee **Emmausgangers** en hulle verslaenheid na alles wat gebeur het: "Ons het so gehoop dat dit Hy is wat Israel sou verlos," het hulle gesug.

Maar toe die vroue by die graf aankom, wag daar 'n engel met 'n blink wit voorkoms hulle in. "Ek weet julle soek vir Jesus," sê die engel, "maar julle is by die verkeerde adres – Hy is nie hier nie".
Wat my laat wonder: Is jy en ek by die regte adres? Soek ons Hom op die regte plek?
Ek dink dit is een van die redes waarom baie mense ontnugter is met die christelike geloof – omdat hulle Jesus op die verkeerde plek gaan soek het en Hom toe nie gevind het nie. Hulle het Hom miskien **in Israel** op al die plekke waar Hy destyds geloop en geleef het gaan soek. Of hulle gaan soek Hom in **die Bybel** waar sy woorde en dade opgeteken is. Of hulle soek Hom in **emosionele belewenisse**; of in **rituele en tradisies**.
Maar hulle vind nie die ware, lewende Jesus nie, want hulle is al die tyd by die verkeerde adres. Hy is vir hulle iemand van lank-lank gelede uit die geskiedenis. Wat Hy gesê en gedoen het, is wat hulle betref 'n afgehandelde saak. Dis soos om blomme op iemand se graf te gaan sit; of deur 'n oorledene se foto-album te blaai. Daar is nie meer sprake van 'n werklike verhouding nie. Al wat oorbly, is nostalgie. Jy **verwag** eintlik niks van so iemand nie.

Soos hierdie twee vroue daardie vroeg-oggend oppad graf toe: Hulle het niks meer van Jesus verwag nie, want Hy was dan nou dood. Alles het nou verder van hulle afgehang – so het hulle gedink. Hulle het slegs die herinneringe aan Jesus oor gehad om hulle te inspireer.

2. WAAR IS JESUS NOU?

Toe die vroue die engel se boodskap hoor – *"Hy is nie hier nie, want Hy is uit die dood opgewek, soos Hy gesê het"* - was dit seker of hulle verstand gaan stilstaan. Dit was DIE GROOTSTE VERRASSING OOIT!! **Hoe is so iets moontlik?** Onthou u Maria se woorde toe die engele destyds vir haar aangekondig het dat sy 'n seun in die wêreld gaan bring? Haar woorde was: *"Hoe is so iets moontlik, aangesien ek nog nooit omgang met 'n man gehad het nie?"* En die engel het haar verseker: **"Niks is vir God onmoontlik nie."**
Hierdie keer het die engel hulle weer met die menslik onmoontlike konfrontreer.
Dit was miskien die rede waarom hulle Jesus se praatjies dat Hy sou sterf en opstaan vantevore nie so ernstig geneem het nie. Hulle het dalk gedink Hy praat weer in gelykenisse. *"Nee,"* sê die engel, *" ... Hy is uit die dood opgewek, soos Hy gesê het."* Hy het bedoel wat Hy gesê het; Hy het woord gehou.

**Glo JY dit** dat God Jesus uit die dood opgewek het?
Br en sr, **God KAN enige ding doen, maar Hy GAAN nie enige ding doen nie, maar Hy SAL doen wat Hy beloof het**.
*"Gaan kyk self,"* nooi die engel hulle, kom nader, *"daar is die plek waar Hy gelê het."* Oortuig julleself dat dit nie oëverblindery is nie.
Die leë graf was daar vir hulle om te sien, maar nie die lewende Jesus nie. Wie sê nie hulle het sy liggaam gesteel nie? **Daar word dus nog steeds van hulle verwag om te GLO.**
Jesus se liggaam of liggaamlike oorblyfsels is nooit gevind nie. Tog bly die saak van die opstanding vandag nog 'n **saak van geloof**. Soos vandag, was daar destyds ook al diegene wat verkies het om dit NIE te glo nie. Die priesterhoofde en familiehoofde het die soldate omgekoop om te sê sy liggaam is gesteel. Hulle het miskien nie kans gesien om te erken dat hulle verkeerd was wat Jesus betref nie; dat hulle inderdaad die Seun van God onskuldig gekruisig het nie. Hulle het nog steeds nie kans gesien om Hom die eer te gee wat Hom toekom nie.
Baie mense het ook vandag **verskillende redes** waarom hulle nie WIL glo dat Jesus wel opgestaan het uit die dood nie. Omdat dit menslik onmoontlik is, dink hulle dit is ook Godsonmoontlik en soek hulle allerlei ander, vir die verstand meer aanvaarbare verklarings daarvoor. Die Jode

en die Moslems glo byvoorbeeld ook nog steeds nie dat Jesus opgestaan het nie.

**Die vroue** het egter geglo en ons sien reeds by hulle hoe 'n **groot verskil** so 'n geloof in mense se lewens maak. Die leë graf plaas 'n uitroepteken na die vraagteken van die kruis. Dit laat ons lewe met 'n glimlag ipv 'n frons. Dit gee rigting en sin aan jou lewe, moed en krag.
Kom nader en kyk: die graf is leeg! Glo Jesus het opgestaan en dat Hy lewe – nie: Hy HET geleef – destyds in Palestina nie!
**Maar waar sal ons dan vir Jesus vind?**
Neem Hom op sy woord waar Hy sê: *"Ek is BY JULLE AL DIE DAE tot die voleinding van die wêreld."* **Dr Coenie Burger** skryf in sy jongste boek: "Waar is Jesus nou?" dat DIT die HART van die evangelie is: **Die belofte dat die Here by ons is en ons nooit sal verlaat nie.** (p85) Hy gee ons nie maar net die **Bybel** in die hand as 'n lamp vir ons voet en 'n lig op ons pad nie. Hy gaan SELF met ons. *"As dit nie regtig waar is nie, het ons eintlik nie veel nie"*, skryf hy. *"As ons dit prysgee, bly daar nie veel van die evangelie oor nie."* (p86)
**Jesus leef** en Hy leef IN MY en IN JOU! Ons staan daagliks in 'n **verhouding** met Hom. Hy is ons Vriend, ons Broer, ons Heer en Meester. Hy is nie Iemand van lank-lank gelede nie, maar van HIER en NOU.

3. GAAN BRING DIE BESTE BOODSKAP OOIT

Die engel het die vroue onmiddellik laat verstaan dat die goeie nuus nie net vir hulle oë en ore bedoel was nie. Hulle was die begenadigdes, maar genade bring verantwoordelikheid mee. Jesus het **'n afspraak** met sy dissipels in Galilea gehad en hulle moes die dissipels daarvan gaan vertel. Hulle het dadelik gehoorsaam en is haastig daar weg, bang, maar baie bly.
**Watter engel het nou eintlik die beste nuus gebring aan Maria?** U mag redeneer dat sonder Kersfees was daar geen Paasfees nie. Maar andersom is dit ewe waar: Waar dit nog nie Paasfees in mense se lewe geword het nie, beteken Kersfees ook maar niks nie. Jesus WAS die Kindjie in die krip, WAS die Koning aan die kruis, WAS in die graf – maar IS nou lewend by ons teenwoordig!
Soos die engel die vroue daardie more met die goeie nuus **weggestuur** het, stuur die Here ons vandag die wêreld in met die **Paasevangelie**: Jesus, die *gekruisigde* vir ons sonde het *opgestaan*; Hy l*eef* en wie in Hom *glo*, ontvang die **ewige lewe, die oorvloedige lewe, sal lewe al het hy/sy ook gesterwe**!
Amen
(PAASSONDAG 2011)